basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

RELIGIESTUDIES V2

MEI/JUNIE 2026

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 150

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 15 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 1.1.1

- **GEDWONGE/PASSIEWE GENADEDOOD:**
- Dit beteken om iemand se lewe pynloos te beëindig wanneer hulle self nie daarvoor vra nie, maar daar is grondige mediese redes om te dink dat hulle die dood sou verkies.
- **VRYWILLIGE / AKTIEWE GENADEDOOD:**
- Dit verwys na die situasie waar 'n persoon wat terminaal siek is en erge pyn ondervind, vra dat 'n ander persoon sy/haar lewe pynloos beëindig.
- **STERFTEBYSTAND/SELFDOOD MET BYSTAND:**
- Dit is wanneer 'n terminaal siek persoon met die middel om selfdood te pleeg, voorsien word. (2 x 4) (8)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.

1.1.2 **VOORDELE**

- Mense wat terminaal siek is en vir wie daar geen verligting van ondraaglike pyn is nie. So 'n persoon se lyding sal beëindig word.
- Dit kan ook diegene help wat te swak is om vir vrywillige genadedood te vra.
- Dit kan diegene help wat nie op behandeling reageer nie, want hulle ly aan oorgaanversaking.
- Dit kan stres van mense wat vir lank aan die bed gekluister is, verlig.
- Medisyne en mediese behandeling is baie duur en die bronne kan gebruik word om diegene wat 'n beter kans op herstel het, help.
- Die familie word daarvan vrygestel om hulpeloos toe te kyk hoe hulle geliefde ly.

NADELE

- Konflik ontstaan dikwels as gevolg van verskillende opinies en oortuigings van verskillende lede van die familie.
- Die familie van die terminaal siek persoon kan genadedood en sterftebystand verkies vir ekonomiese en erfenisvoordele en voordeel wat uit nalating geput word.
- Party mense kan later hul besluit berou wat tot onopgeloste smart en 'n skuldgevoel kan lei.
- Genadedood kan deur gewetenlose dokters gebruik word as 'n verskoning om organe te oes.
- Genadedood en sterftebystand kan 'n teken wees vir ander familielede dat om die dood te kies 'n aanvaarbare handeling is en dit kan tot selfdood lei.
- Dokters mag weier om genadedood uit te voer op grond van hul religieuse oortuiginge. (8)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.

1.1.3 **CHRISTENSKAP**

- Christenskap is teen genadedood gekant want dit heg waarde aan die heiligheid van lewe.
- Dit leer ons dat lewe deur God geskep is.
- Die heiligheid van lewe is geanker in die Woord van God, dus kan niemand op enige wyse met die lewe peuter nie.
- Dit is God, nie mense nie, wat bepaal wanneer mense moet sterf.
- Genadedood is om jou op gelyke voet met God te stel. Om hierdie rede word genadedood in die Bybel veroordeel.
- Volgens die Christelike geloof word genadedood as moord beskou.
- '… waarom voor jou tyd doodgaan? (Prediker 7:17)
- Dit beteken genadedood is teen God se wil want dit laat iemand voor sy/haar tyd sterf.
- 'U het my al gesien toe ek nog ongebore was, al my lewensdae was in boek opgeskrywe nog voordat ek gebore is.' (Psalm 139:16)
- Dit beteken dat slegs God ons elkeen se tyd om te sterf kan bepaal. Om hierdie rede is genadedood teen God se plan vir die mens.
- 'Jy mag nie moord pleeg nie' (Eksodus 20:13). Hierdie gebod verbied genadedood.

HINDOEÏSME

- In Hindoeïsme is daar meningsverskille as gevolg van verskillende tradisies.
- Hindoes glo aan karma ('n oortuiging dat elke handeling 'n gevolg het wat dalk in 'n latere reïnkarnasie kan voorkom)
- Indien jy genadedood beoefen, sal daar negatiewe gevolge vir die siel wees.
- Hindoes glo dat watter lyding/swaarkry jy in jou huidige lewe ondervind, die gevolg is van iets wat jy in 'n vorige lewe gedoen het.
- As jy karma vermy deur iets te doen om swaarkry te stop, sal jy later daarvoor betaal.
- Sommige Hindoes glo dat daar omstandighede is wanneer die bespoediging van die dood geregverdig kan word.

ISLAM

- In Islam-leringe is genadedood verbode want die lewe word beskou as 'n heilig oortuiging/belofte van God af beskou.
- Hierdie perspektief is gewortel in die geloof dat slegs Allah die bepaler van lewe en dood is.
- Die Koran verklaar: 'Geen mens kan sterf behalwe met Allah se verlof op 'n voorafbepaalde tydstip nie' (Koran 3:115).
- Islam leer dat Allah lewe gee en het absolute gesag het om dit te neem.
- Allah het 'n bepaalde tyd toegeken vir elke siel oor wanneer lewe sal verstryk en geen sekonde kan deur enigeen bygevoeg word nie.

- Die instandhouding van die heiligheid van lewe word verder verhoog deur Allah se instruksie: 'Moet nie lewe neem wat Allah heilig verklaar het nie, slegs as daar 'n regverdige saak is.'
- Die Koran verbied dat enige persoon selfvernietiging of selfdood veroorsaak.

LET WEL: 'n Maksimum van 10 punte mag toegeken word vir enige geloof / godsdiens.

Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word. (16)

1.2 1.2.1

- Om deernis te herstel as die middelpunt van moraliteit en godsdiens.
- Verseker dat die jeug akkurate en relevante inligting ontvang oor tradisies, godsdienste en kulture.
- Keer terug na die beginsel dat in enige interpretasie van heilige geskrifte is geweld, haat of minagting onwettig.
- Moedig 'n positiewe waardering vir kulturele en religieuse diversiteit aan.
- Kweek ingeligte empatie met die lyding van alle mense, selfs diegene wat beskou word as vyande. (6)

1.2.2

- Baie word gedoen om goeie intergodsdienstige verhoudings in ons multigelowige en diverse samelewing aan te moedig.
- By staatsfunksies word verteenwoordigers van verskeie godsdienste genooi om deel te wees van bv. die opening van die parlement of inhuldiging van die staatspresident.
- Ook op openbare vakansiedae soos Menseregtedag en Erfenisdag neem leiers van verskillende godsdienste deel.
- Lede van verskillende gelowe kom byeen vir intergodsdienstige dienste en -praatjies, sodat hulle kan groei in wedersydse begrip en respek vir mekaar.
- Baie godsdienstige NRO's (nieregeringsorganisasies) dien vrywillig in die behoeftes van die kwesbares ongeag hul geloof.
- Die President en regering kan 'n beroep doen op die adviserende liggaam van godsdiensleiers, die Nasionale Godsiensleiersforum NGLF.
- Daar is groter respek, verdraagsaamheid en begrip vir ander godsdienste in Suid-Afrika as in ander lande.
- Ons is bevoorreg dat daar in Suid-Afrika tot dusver nie 'n groot godsdienstige konflik was nie.
- Dit is duidelik dat die bogenoemde inisiatiewe gesonde intergodsdienstige verhoudings in Suid-Afrika ontwikkel. (12)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.

[50]

VRAAG 2

2.1 2.1.1 **VOORBEELD 1: CHRISTENDOM**

- Volgens die Christendom het niks anders as God in die begin bestaan nie.
- Die wêreld het nie bestaan nie.
- Volgens Genesis het God die wêreld en heelal in ses dae gemaak en die sewende dag gerus.
- Die wêreld was perfek nadat die Heilige Drie-eenheid dit voltooi het.
- Mense, die seelewe, diere en plante behoort almal aan God.
- Die wêreld is onder die beheer van die mens.
- Die hele wêreld word onderhou deur die krag van God se woord.
- Die skeppingsproses gaan steeds voort.

VOORBEELD 2: TAOÏSME

- Die wêreld en alles daarin kom outomaties tot stand as deel van die aktiwiteit van die Tao.
- Dit was nie beplan nie, maar dit was ook nie onbeplan nie.
- Die Tao het nie beplan dat die wêreld moet bestaan nie, dit wou ook nie dat die wêreld bestaan nie.
- Die wêreld het te voorskyn gekom as 'n klein spikkeltjie in die enorme 'kom/bak'van die skepping soos wat die Tao op sy weg voortgegaan het.
- Die Taoïste se siening van die heelal is grootliks gebaseer op hulle waarneming van die natuur en die menslike wêreld.
- Soos die heelal as 'n geheel, bestaan die wêreld uit prosesse van skepping en vernietiging.
- Die waarneembare wêreld bestaan uit teenoorgesteldes wat afwissel – Jin en Jang. (12)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.

2.1.2 **VOORBEELD 1: CHRISTENDOM**

- Christene glo die mens is geskape na die beeld van God.
- Adam en Eva is beveel om na die Tuin van Eden en die hele skepping te kyk.
- Die mens is God se verteenwoordiger op aarde.
- God het hulle aangestel om na Sy skepping te kyk, nl. die wêreld.
- Die mens is aan God verantwoordelik.
- Die mens is God se hoogste skepping want hulle is geskape na God se beeld.
- Christene glo dat mens die regeerders van die aarde is.

VOORBEELD 2: TAOÏSME

- Die Tao het nie 'n plan nie en dit gee nie 'n menslike lewe enige doel of plan nie.
- Mense is net klein, mikroskopiese neweprodukte van die Tao se kreatiewe aktiwiteit.
- Mense is nie spesiaal of in beheer van die wêreld nie
- Ons is nie nodig om daarna om te sien nie, die wêreld sal voortgaan, ongeag of mense daarna omsien of nie.

- Mense het die potensiaal om net 'n baie klein deeltjie van die Skepping te vernietig.
- Selfs al word daardie deeltjie vernietig sal die ongelooflike en oorvloedige kreatiwiteit van die Tao voortgaan.
- Om 'n lewe te lei wat die moeite werd is, moet 'n mens in harmonie met die Tao leef. (12)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.

2.2
- Dit verwys na die asem (krag) van 'n buitengewone wese wat beheer oor die asem van 'n persoon neem.
- Inspirasie is 'n belangrike normatiewe bron in baie godsdienste.
- Die stigters van baie godsdienste is deur 'n hoër mag of wysheid geïnspireer.
- Sulke mense het gevoel dat hulle 'n 'openbaring' van 'n buitengewone wese ontvang het.
- Figure soos Moses, Jesus Christus, Abraham, Profeet Mohammed, Boeddha en Bahà'u'llàh het baie generasies geïnspireer.
- Die inspirasie van hierdie figure word deur volgelinge as direk en onmiddellik beskou.
- Inspirasie is 'n kragtige motivering vir die volgelinge van 'n godsdiens.
- Kontemporêre inspirasie wat deurlopend is en dien om aanbidders met hulle Skepper te verenig.
- Mediums en waarsêers in ATR kommunikeer met die geestesryk deur inspirasie. (14)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.

2.3
- **Grammatika en historiese konteks:**
- Historiese feite moet in ag geneem word in die interpretasie van 'n heilige teks. Jy moet die taalreëls volg.
- **Duidelikste betekenis:**
- Jy moet die letterlike betekenis van die teks neem.
- **Plan, doel en konteks**:
- Die geskrewe stuk moet as 'n geheel beskou word. Wat is die skryfplan of struktuur? Wat was skrywer se doel om die teks te skryf? Wat is ook die konteks van die gedeelte waarna gekyk word?
- **Betekenis van woorde/Etimologie**:
- Die betekenis van woorde verander mettertyd en op verskillende plekke. Probeer om uit te vind wat die oorspronklike betekenis is soos gebruik in die normatiewe bron.
- **Figuurlike gebruik/taal:**
- Figuurlike en nie-letterlike betekenis moet in ag geneem word.
- **Ander heilige geskrifte:**
- Heilige geskrifte self kan gebruik word om ander heilige geskrifte te interpreteer. (12)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.

[50]

VRAAG 3

3.1 3.1.1 **VOORBEELD 1: AFRIKA TRADISIONELE GODSDIENS**

- AmaZulu
- Aka
- Yoruba

VOORBEELD 2: BOEDDHISME

- Theravada-Boeddhisme
- Mahayana-Boeddhisme
- Tibettaanse Boeddhisme
- Zen-Boeddhisme (4)

Enige twee vertakkinge van die bogenoemde voorbeelde.
'n Maksimum van 8 punte mag toegeken word, vir enige vertakking.
LET WEL: Enige relevante antwoorde moet gekrediteer word.

3.1.2(a) **VOORBEELD 1: AFRIKA TRADISIONELE GODSDIENS**
AMAZULU

- Hulle glo en erken die bestaan van 'n Opperwese genoem uMvelinqangi.
- Hulle glo dat sy status so hoog is dat hy nie direk genader kan word nie.
- Kommunikasie met uMvelinqangi word deur die voorvaders gedoen.
- Die AmaZulu glo daar is ook 'n vroulike godin naamlik uNomkhubulwane.

AKA

- Hulle glo in 'n skeppergees genoem Bembe.
- Hulle glo dat Bembe na die skeppingsdaad afgetree het.
- Hulle glo aan die woudgees, genoem Dzengi.
- Hulle glo dat Dzengi hulle met die suksesvolle jag van olifante help.

YORUBA

- Hulle glo dat Olodumare die skeppergees is.
- Hulle glo dat elke mens 'n lot of 'n bestemming het.
- Hulle glo ook dat die lewe siklies is (reïnkarnasie in menslike vorm
- Die doelwit van reïnkarnasie is geestelike verbetering.
- Hulle glo dat goeie geeste een word met Oldumare.

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.

VOORBEELD 2: BOEDDHISME
THERAVADA-BOEDDHISME

- Theravada-Boeddhisme glo aan die doktrine van anatman.
- 'Anatman' beteken dat die ego/self voorkom dat ons verlig word en Nirwana bereik.
- Theravada-Boeddhisme verkondig dat verligting deur 'n individu se pogings plaasvind en nie deur die ingryping van ander mense of enige gode nie.

MAHAYANA-BOEDDHISME

- Hierdie vertaking glo dat daar nie iets bestaan soos 'n individuele, outonome self nie. Alle wesens is gekoppel.
- Volgelinge van Mahayana glo aan kollektiewe verligting.
- Mahayana-Boeddhisme verkondig dat die motivering vir verligting deernis vir alle lewendige dinge is.
- Hulle leer hulle volgelinge om Bodhisattvas te word (iemand wat in diens staan van die verligting van ander mense).

TIBETAANSE BOEDDHISME

- Die volgelinge van Tibettaanse Boeddhisme glo aan die reïnkarnasie van die afstammelinge van sekere lamas (onderwysers), soos die Dalai Lama.
- Hulle glo dat Boeddha 'n menslike vorm kan aanneem.
- Hulle glo aan 'n panteon van Boeddhas, Bodhisattvas en dharma-beskermers.

ZEN-BOEDDHISME

- Hulle leer dat direkte kommunikasie, en nie skriftuurlike studie nie, die weg na die ervaring van verligting is.
- Hulle glo dat Zen die lewenswyse is en nie net 'n toestand van die bewussyn nie.
- Hulle glo dat Boeddha 'n menslike vorm kan aanneem, soos in die persoon van Padmasambhava (die een wat Zen-Boeddhisme na Tibet gebring het). (12)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.

3.1.2(b) **VOORBEELD 1: AFRIKA TRADISIONELE GODSDIENS**

AMAZULU

- Hulle brand wierook tydens kommunikasie met die voorvaders.
- Wanneer daar siekte of teenspoed is, raadpleeg hulle die tradisionele geneser of waarsêer.
- UNomkhubulwana (godin) word genader deur 'n pelgrimstog na die berge gedurende natuurrampe of droogtes.
- Hulle beoefen 'n 'bring-terug'-seremonie waar die dooie ná 'n jaar as voorvader bevestig word.

AKA

- Hulle dans en sing tot eer van Dzengi.
- Wanneer hulle gaan jag, voer hulle 'n ritueel uit wat diereslagting behels om met die dier se gees te kommunikeer.
- Hulle raadpleeg ngangas (tradisionele genesers) wanneer moeilike besluite geneem word.
- Wanneer daar 'n siekte of krisis in die familie of gemeenskap is, word die ngangas geraadpleeg.

YORUBA

- Godsdienstige praktyke fokus op Ori OrunOluran.
- Geestelike kontak word via verskillende tussengangers gemaak, onder andere Orishas (mindere gode).
- Elke dorp het sy eie oris/orishas, en 'n tempel wat daaraan gewy is.
- Opregte meditasie en verering versterk jou bande met die geestesryk.

VOORBEELD 2: BOEDDHISME
THERAVADA-BOEDDHISME

- Monnike bly in 'n klooster en hulle bedel vir hulle kos en mediteer feitlik die hele dag lank.
- Theravada-monnike help en werk saam met leke/wêreldlikes by belangrike geleenthede soos geboortes, troues en begrafnisse.
- Die bou van stupas (toringagtige strukture) is 'n wydverspreide praktyk
- Die meeste praktyke word in die huis uitgevoer alhoewel daar ook individuele en gemeenskaplike meditasie en kantillering (chanting) in die tempels is.
- Hulle laat altaarofferandes soos kos, wierook, kerse en blomme by die tempel voor die standbeeld van Boeddha.

MAHAYANA-BOEDDHISME

- Hulle beoefen meer rituele as Theravada-Boeddhiste, soos om hulleself neer te werp/kniel.
- Slegs mense wat in kloosters woon, word toegelaat om meditasie te beoefen.
- Leke word toegelaat om te kantilleer en te bid.

TIBETTAANSE BOEDDHISME

- Praktyke sluit in meditasie, rituele en kantillering.
- Hulle gebruik metodes soos beswymings om versteekte antieke geskrifte op te spoor.
- Tibettaanse Boeddhiste monnike dra oranje klede in hulle tempels.

ZEN-BOEDDHISME

- Hulle beoefen meditasie om verligting te bekom/bereik.
- Hulle kies Zen-onderwysers om studente met meditasie en die uitvoer van rituele te help.
- Hulle beoefen dharma-oordrag (oordrag van Boeddha se leringe van meester na student). (12)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.
'n Maksimum van 8 punte mag toegeken word vir enige vertakking.

3.2 **VOORBEELD 1: HINDOEÏSME**

- Baie geleerdes redeneer dat Hindoeïsme nie 'n enkele godsdiens is nie, maar 'n sambreelwoord vir 'n aantal eenderse oortuiginge en praktyke.
- Die verskille is beide geografies en in terme van interpretasie.
- Dit is duidelik in die gebruik van verskillende tale en verskillende gode wat regoor die Indiese subkontinent aanbid word.
- Daar was egter geen wegbreekbeweging in Hindoeïsme nie en hervormers het binne die oorhoofse sisteem gewerk.
- Die enigste moontlike uitsondering is Boeddhisme wat hul eie identiteit ontwikkel het.
- In die 19de eeu, toe Indië onder Britse regering was, was daar 'n her-evaluering van tradisionele Hindoe-oortuigings en praktyke.
- Die herevaluering het gespruit uit blootstelling van Hindoe-kultuur aan Westerse wetenskap, kultuur en geskiedenis.

- Tradisionele Hindoeïsme is verteenwoordig in groepe soos die Brahmo Samaj en Arya Samaj.
- In die 20ste eeu het moderne bewegings ontstaan, soos die Divine Life Vereniging en Internasionale Vereniging vir Krishna-bewusmaking (ISKON).

VOORBEELD 2: DIE CHRISTENDOM

- Ná die kruisiging van Christus was die kerk verenig maar het in die vroeë jare twee subgroepe gehad.
- Dit was die Oosterse (Konstantinopel) en Westerse (Romeinse) tradisies
- In ongeveer 1054 het die twee groepe amptelik geskei.
- Dit is omdat die hoogste gesag van die Pous in Rome deur Konstantinopel uitgedaag is.
- Die ander verskil was die status van die Heilige Gees in die Drie-eenheid.
- Die kerk gebaseer in Rome is die Rooms-Katolieke Kerk genoem.
- Die oosterse se tak is bekend as die Oosters-Ortodokse Kerk of Griekse/ Russies-Ortodokse Kerk.
- In die 15de eeu is die Rooms-Katolieke Kerk deur hervormers of Protestante uitgedaag.
- Die hoofgeskil was oor die oppergesag van die Pous en die korrupsie van die Katolieke ampsdraers.
- Nog 'n hoofkwessie was die Katolieke praktyk van belydenis waar 'n persoon se sonde vergewe is deur 'n finansiële skenking aan die kerk te maak.
- Elkeen van die drie hoofvertakkinge het verdere onderverdelings, in totaal meer as 33 000 (Wêreld Christenensiklopedie).

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word. (10)

3.3 **VOORBEELD 1: ISLAM**

- Moslems glo dat Allah Sy finale boodskap vir die mensdom deur die aartsengel Gabriël aan die Profeet Mohammed gegee het.
- Die Profeet kon nie lees of skryf nie, hy het die openbaringe mondelings aan sy volgelinge oorgedra.
- Die volgelinge van Mohammed het die openbaringe neergeskryf.
- Die teks wat al hierdie openbaringe bevat, staan as die Koran bekend.
- Die Koran word dus as die Woord van God beskou.
- Die Koran is oor 'n tydperk van 23 jaar aan die Profeet Mohammed geopenbaar.
- Net voor hy gesterf het, het die Profeet die hele Koran uit die hoof voorgedra.
- Die Woord van God is in Arabies aan die Profeet geopenbaar en baie Moslems glo dat die Koran nie vertaal kan word sonder om van die betekenis daarvan te verloor nie.
- Die boek word as die oppergeskrif van Islam beskou.
- Ná die Koran is die belangrikste geskrif die Hadith.
- Dit bevat die gesegdes van die Profeet.
- Die Hadith bevat die voorbeelde wat die Profeet gestel het.

VOORBEELD 2: BOEDDHISME

- Boeddha se sentrale leringe is in die Drievoudige Kanon neergeskryf.
- Hierdie tekste staan bekend as die Tripitaka.

- Die drie afdelings is:
  - Vinaya Pitaka
  - Dit beskryf die gedragskode wat verwag word van Boeddhistiese monnike en nonne.
  - Die Sutta Pitaka
  - Dit bevat stories uit die Boeddha se lewe. Dit bevat ook leringe van Boeddha.

    Sutta beskryf die hoofkarakters, die omgewing en rede waarom dit aanvanklik gepreek was.
    Die Sutta het sy eie innerlike letterlike konteks en sy eie verduideliking van waaroor dit gaan.
  - Abhidhamma Pitaka
  - Dit handel oor filosofie, gedigte en kommentare oor doktrines. (12)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.

[50]

VRAAG 4

4.1 4.1.1

- Volgens die Oerknalteorie weet niemand wat voor die Oerknal bestaan het nie.
- Die teorie beweer dat daar was 'n enorme ontploffing in die ruimte was en binne sekondes het die heelal verskyn en tot 'n enorme grootte uitgebrei.
- Die Oerknal het sowat 13,7 miljard jaar gelede gebeur.
- Volgens die Oerknalteorie het die skeppingsproses in 'n breukdeel van 'n sekonde plaasgevind.
- Klein temperatuurverskille in die aanvanklike ontploffing het tot die vorming van materie en energie gelei.
- Die materie het kondenseer en die sterre en sterrestelsels gevorm.
- Wetenskaplikes glo dat die heelal steeds besig is om uit te brei.
- Dit is onbekend wanneer en hoe die heelal sal eindig. (8)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.

4.1.2(a) **HINDOEÏSME**

- Vir Hindoes is die heelal die Skepper.
- Die Skepper het bestaan en sal vir altyd bestaan.
- Die Skepper het geen beperking nie is daarom nie 'hy/sy' of enigiets nie.
- Die Skepper bestaan of in 'n aktiewe of in 'n passiewe toestand.
- Tydens rus het die heelal geen vorm nie en is ongedifferensieerd.
- Die Skepper roer ná 'n lang ruk en word aktief. Dit is wanneer sommige gedeeltes van die heelal verskil van ander, en 'skepping' begin.
- Om hierdie rede aanvaar Hindoeïsme die Oerknalteorie. (12)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.

4.1.2(b) **TAOÏSME**

- In Taoïsme kom die wêreld en alles daarbinne outomaties tot stand as deel van die aktiwiteit van die Tao.
- Dit is nie beplan nie, maar dit is ook nie onbeplan nie.
- Die Tao het nie bedoel dat die wêreld bestaan nie, maar ook nie dat die wêreld nie bestaan nie.
- Taoïsme is nie in teenstelling met die Oerknalteorie nie.
- Wetenskaplik is die wêreld nie deur enige God of gode geskep nie, dit het toevallig gebeur.
- Die wêreld het eenvoudig as 'n klein spikkeltjie in die enorme 'kom' (bowl) van skepping ontstaan soos die Tao op sy weg gegaan het.
- Volgens Taoïste bestaan die wêreld uit die proses van skepping en vernietiging.
- Die Taoïstiese beskouing van die heelal is baie op hulle waarneming van die natuurlike en menslike wêrelde gebaseer.
- Die Oerknalteorie is ook op waarneming van die natuurlike en menslike wêrelde gebaseer.
- Daarom Taoïsme se aanvaarding van die Oerknalteorie. (12)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.

4.2 4.2.1

- Die wetenskaplike verduideliking van hoe die mens ontstaan het, is gebaseer op Darwin se evolusieleer.
- Die teorie beweer dat alle lewe uit primitiewe vorme ontstaan het en voortgaan om aan te pas en te ontwikkel,
- Dit voer aan dat mense ontwikkel het uit voorouers gedeel met ape.
- Die evolusieleer volgens Charles Darwin bestaan uit die volgende idees:
  - Spesies bestaan uit 'n groot verskeidenheid van klein verskille.
  - In die stryd om te oorleef, sal die beter aangepaste variasies bevoordeel word terwyl dié wat nie fiks is nie, sal sukkel om te oorleef.
  - Dit geld ook vir veranderinge in mense.
  - In die stryd om oorlewing het die mens aangepas en geleidelik van ape na mense verander.
  - Die proses van verandering en aanpassing het oor ’n baie lang tydperk gebeur.
  - Die wetenskap bied geen verduideliking vir die skepping as deel van 'n goddelike plan nie. (8)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.

4.2.2 **VOORBEELD 1: CHRISTENDOM**

- Daar is geen verband tussen die tradisionele Christelike geloof en die evolusieleer nie.
- Tradisionele Christene aanvaar slegs dat God Adam en Eva gemaak het soos vertel in Genesis.
- Hulle argumenteer dat daar is geen bewys in die geskiedenis is dat die mens uit ape ontwikkel het nie.
- God het perfekte mense geskape en hulle outoriteit gegee om oor die wêreld te heers.
- Liberale/progressiewe Christene argumenteer dat alles in die heelal was deur God geskep, en die proses van evolusie is ook deel van die goddelike plan. (Daar word daarna verwys as ‘intelligente ontwerp’).
- Progressiewe Christene aanvaar die idee van 'n begeleide teïstiese evolusie.

VOORBEELD 2: ISLAM

- Islam leer ons dat Allah die Skepper van hemel en aarde is.
- Die eerste mens was Adam wat God uit klei gemaak het.
- Allah het Sy gees in Adam geblaas en hy het lewendig geword.
- Eva (Hawwa) is toe uit Adam se rib gemaak.
- Die mens is God se hoogste skepping van alles wat Allah geskep het.
- Hulle het aanvanklik in die Paradys gebly/Tuin van Eden.
- Die mens is geskape om Allah te aanbid.
- Volgens die evolusieleer is die mens nie perfek geskape nie, terwyl Islam leer dat die mens na God se beeld geskape is, d.w.s perfek.

- Dit is dus duidelik dat Islam die idee verwerp dat die mens net nog 'n dier is, wat uit ape ontwikkel het.

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word. (10)
[50]

VRAAG 5

5.1
- Sekularisme verwys na 'n magskeiding tussen die staat en godsdiens.
- Dit ontstaan uit die godsdienstige oorloë in die 16de-eeuse Europa.
- Verstedeliking, industrialisasie en rasionalisme het alle godsdienstige instansies verswak.
- Die geloof dat die menslike intellek genoeg is om die samelewing te regeer, is 'n gewilde konsep.
- Dit beïnvloed die samelewing asook individue.
- Sekularisme bevorder 'n gevoel van selfontwikkeling en onafhanklike denke in die moderne samelewing.
- Onlangse vooruitgang (bv. kloning, geneties gemodifiseerde organismes) in wetenskaplike denke, dra ook by want dit bevraagteken godsdienstige leringe.
- Dit het gelei tot 'n vermindering van die invloed van godsdiens.
- Die terreine van gesondheid, onderwys, welsyn, ekonomie en die regte steun nie meer op godsdienstige waardes nie, dit steun op wetenskaplike bewyse en menslike intellek. (10)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.

5.2
- Dit skep 'n gesamentlike gevoel van regverdigheid en mense verkies dit bo godsdienstige verdelings.
- Daar is minder veroordeling van mense in die samelewing. Moraliteit is nie afhanklik van godsdienstige waardes nie.
- Dit kan lei tot immoraliteit.
- In die ryk Westerse samelewing word daar gedink dat daar nie 'n noodsaaklikheid vir gebed is nie.
- Mense leef gemaklike lewens en dink dat hulle nie God/gode nodig het nie.
- Onaanvaarbare optrede deur godsdiensleiers veroorsaak ontnugtering by volgelinge, bv. kindermisbruik deur Katolieke priesters, uitbuiting van armes deur priesters.
- Die groeiende invloed van die wetenskap verminder ook die mag van godsdiens en versterk sekularisme. (12)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.

5.3
- Godsdienstige invloed het in baie sfere van die samelewing afgeneem, politiek ingesluit.
- Sekulêre state bevorder godsdiensvryheid.
- Hulle bevorder godsdienstige verdraagsaamheid.
- As gevolg van sekulêre invloed is daar geen godsdiens wat amptelik deur die staat bevoordeel word nie.
- Daar is 'n vreedsame bestaan want alle godsdienste word as gelyk erken.
- In 'n sekulêre konstitusie mag alle godsdienste beoefen word en op hulle eie manier aanbid, maar dit mag nie op die godsdienstige regte van ander inbreuk maak nie.
- As gevolg van die groter samewerking tussen godsdienste word godsdiens-oorloë verhoed/voorkom. (12)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.

5.4

• **AGNOSTISISME**	• **ATEÏSME**
• Die term 'agnostisisme' kom van die Griekse word 'gnosis' (kennis) en a' (sonder) • Agnostici glo dat dit nie moontlik is om die bestaan van God of 'n bonatuurlike wese te bewys, of nie te bewys nie. • Dit verwys na die onsekerheid oor Godskennis. • Agnostici is skepties oor godsdiensleringe. • Hulle verwerp godsdienstige leerstellings, veral godsienste wat beweer dat hulle kennis van goddelike wesens het. • Agnostici glo daar is altyd onsekerheid en twyfel as jy probeer om die heelal te verstaan.	• Ateïste verwerp die geloof dat die goddelike of bonatuurlike magte bestaan. • Daar is verskillende grade van ateïsme. • Sterk of positiewe ateïste glo daar is bewyse om hulle ateïstiese sieninge te ondersteun. • Sagte of neutrale ateïste verwerp nie die bestaan van 'n bonatuurlike wese aktief nie. • In sommige gevalle verwerp sagte ateïste beide teïsme en sterk ateïsme. • Dit is omdat hulle voel dat beide wêreldbeskouings van bewyse afhang om hulle bewerings te ondersteun. • Ateïste wend hulle dikwels na die wetenskap om die aard van die heelal te verduidelik eerder as om op geloof staat te maak.

• **MATERIALISME**	• **SEKULÊRE HUMANISME**
• Materialisme beweer dat niks behalwe die natuur bestaan nie. • Enige wese wat beskou word as verhewe bo die natuur is 'n denkbeeldige wese. • Materialisme verbied sy volgelinge om hulle te onderwerp aan enige bonatuurlike afhanklikheid. • Nuwe terme is ontwikkel: Dialektiese materialisme: Materie word beskou as die fundamentele oorsaak van alles. • Historiese materialisme: Ekonomie en die verhouding tussen werkers en eienaars as basiese struktuur in die gemeenskap staan bekend as historiese materialisme. • Kontemporêre fisici en neurowetenskaplikes daag materialistiese verduidelikings uit.	• Sekulêre humanisme gee primêre belangrikheid aan mense in plaas van die goddelike. • Sekularisme humanisme het in die rigting van 'n liberale beskouing van menseregte ontwikkel. • Sekulêre humanisme is nie besonders antigodsdienstig nie. • Sekulêre humanisme staan godsdiensonderrig in skool teen meestal omdat hulle teen indoktrinasie gekant is. • Hulle glo redenering en die wetenskaplike metodes is middels om die waarheid te ontdek.

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word. (2 x 8) (16)
Indien die antwoorde nie in tabel vorm is nie, moet die leerder steeds gekrediteer word vir korrekte antwoorde. **[50]**

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou